



eduresourceza.com

Monsters en 'n opgekrulde slang.

1.1 Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

Hy sien die mans se skaduwees oor die muur in die portaal skuif. Dis soos monsters wat die huis binnegekom het. Die angs pols deur sy brein. Sy mond is droog.

[bl. 8,9]

- 1.1.1 Wie het die “monsters wat die huis binnegekom het” gestuur? (1)
- 1.1.2 Na wie soek die “monsters”? (1)
- 1.1.3 Hoe oud was “Hy” toe die “monsters” hulle huis binnegekom het? (1)
- 1.1.4 Wat het later met dié persoon in 1.1.2 gebeur? (1)
- 1.1.5 Verduidelik waarom dié persoon so 'n grusame einde gehad het. (2)

1.2 Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

Ons huis in Sandhurst het 'n skemeragtige plek geword ... Kom jy die huis binne, is daar altyd hierdie swaar gevoel wat binne jou lê, soos 'n opgekrulde slang.

[bl. 11]

- 1.2.1 Gee **twee** redes hoekom daar 'n “swaar gevoel” in Greg-hulle se huis is. (2)

1.3 Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

Ek is Greg Owen. En ek is alleen tussen al hierdie mense. Ek het verander in daardie outsider wat my destyds die onderwêreld in getrek het.

[bl. 31]

- 1.3.1 Greg is nou op Stellenbosch. Wat doen hy op Stellenbosch? (1)
- 1.3.2 Wie is die “outsider” na wie Greg verwys? (1)

1.4 Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Ek het 'n plan. Dis hoekom ek 'n nuwe blog-inskrywing begin.
Ekk-O
As jy hierdie kan lees, kontak my.
Ek het jou hulp nodig.

[bl. 78]

1.4.1 Waarom gebruik Greg die woord "Ekk-O"? (1)

1.4.2 Verduidelik waarmee Greg "hulp nodig" het. (1)

1.5 Project Nursery Rhyme:

"Rub-a-dub-dub, three men in a tub and **who do you think they be?**"

VOLTOOI NOU DIE VOLGENDE TABEL:

Skryf jou antwoorde in jou antwoordboek neer.

Ware identiteit + Beroep

1.5.1 Butcher		
1.5.2 Candlestickmaker		

(2)

1.5.3 Verduidelik wat Project Nursery Rhyme is. (1)

[15]

VRAAG 2 KONTEKSTUEEL EN PARAGRAAF

Gevaarlike mense en gevaarlike pakkies.

2.1. Greg word na 'n deftige ete in Clifton genooi. Wie is sy gasheer? (1)

2.2 Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

'n Ouerige man. Skraal gesig vol plooië. Silwergrys hare, agteroor gekam.

[bl. 73]

2.2.1 Wat is hierdie man se naam en van? (1)

2.2.2 Watter vreemde storie vertel dié man vir Greg oor sy kinderdae? (1)

Maar skielik vang my oog 'n granietbankie voor die SMAC-kunsgalery. Die woord *TRUST* is netjies daarop gegraveer, maar 'n bars loop deur die U.

[bl. 35]

2.3.1 Wat was die naam van hierdie kunswerk? (1)

2.3.2 Die kunswerk laat Greg aan Xander dink. Wat was Xander se dryfkrag om Greg se gesin te verwoes? (1)

2.4 Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

"My vrou het gesê ek moet jou kom soek. Dit was nie moeilik om jou te kry nie. 'n Mannetjie soos jy. Mense ken jou."

[bl. 50]

2.4.1 Hoekom kom sien Dirk Schutte vir Greg? (1)

2.4.2 As Greg later bekommerd is oor sy pa en ma, gaan sien hy weer vir Dirk Schutte. Hoe sal Dirk vir Greg se ouers help? (1)

2.5 Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

"Ek gaan vir jou twee pakkies stuur."

[bl. 114]

Skryf nou 'n **paragraaf** van tussen **80 en 120 woorde** oor die gevaarlike pakkies.

In jou paragraaf moet jy aan die volgende aandag gee:

- Wat vind Greg in die **eerste** pakkie? (1)
- Xander sê vir Greg dat hy twee objekte moet vernietig. Verduidelik. (1)
- In die **tweede** pakkie is 'n elektroniese skyfie, byna so groot soos 'n ryskorrel. Wat is dit? (1)
- Verduidelik waarheen Greg die skyfie moet neem en wat daarmee gedoen moet word. (2)
- Watter bewys moet Greg daarna aan Xander stuur? (1)
- Greg vra dat Chloe hom help. Wat moet sy doen? (1)
- Watter skok kry Greg as hy die skyfie in sy woonstel wil gaan haal? (1)

[15]

'n Naweek wat Greg verander en ander ontstellende gebeurde.

Greg het vir die Paasnaweek na Sandhurst gevlieg. Hy het sy ma en pa besoek. Met sy terugkoms gesels hy met Plank.

Voltooi die **dialoog** tussen **Plank** en **Greg** en skryf slegs die **vraagnummers en Greg se woorde** in jou Antwoordboek neer. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

3.1 Plank: Toe jy my gebel het, het jy genoem dat die naweek jou verander het.

Wat het by jou ma gebeur wat jou so ontstel het?

Greg: ... (1)

3.2 Plank: Jy het gesê dat jy jou pa in die tronk besoek het. Hoe het hy verander?

Greg: ... (2)

3.3 Plank: Jy het ook gesê dat daar 'n rooi motor voor julle huis geparkeer was.

Wie se motor was dit en waarom was jy verbaas om die persoon te sien?

Greg: ... (2)

3.4 Plank: Die koerier het 'n boks by jou afgelewer met 'n brief en 'n notaboek.

Wat was die boodskap in die brief?

Greg: ... (1)

3.5 Plank: Vertel my van die notaboek.

Greg: ... (1)

3.6 Plank: Jy sê daar was net een woord op die laaste bladsy? Wat was die woord?

Greg: ... (1)

- 3.7 Plank: Ek hoop jy hou die boek veilig. Waar steek jy dit weg?
Greg: ... (1)
- 3.8 Plank: Hoe het jy geweet dat iemand in jou woonplek ingebreek het?
Greg: ... (1)
- 3.9 Plank: Wat het die boodskap wat op die skuifdeur geskryf is, gesê en hoekom
het jy so geskrik?
Greg: ... (2)
- 3.10 Plank: Wie was die skim uit die verlede wat jy Donderdagmiddag skielik
gesien het?
Greg: ... (1)
- 3.11 Plank: Hoekom was daar soveel studente en polisie op die Eersterivierbrug?
Greg: ... (1)
- 3.12 Plank: Dit is skokkend! Hoe het jy hom aan sy T-hemp herken?
Greg: ... (1)
- [15]

GROOTTOTAAL: 45